Johannes 14:12-13

Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen ... Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

Moenie huiwer om vir die Here tekens en wonders te vra nie, maar maak seker dat dit oor die eer van die Here gaan. Die Bybel, van Genesis tot Openbaring, vertel van God se wonderwerke – dit is wie God is!

Vader, ek sukkel om hierdie vers te glo, maar mag U dit in my lewe waarmaak sodat die koninkryk van God kragtig uitgebou kan word.

2 Timoteus 3:16-17

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig ... sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Jesus self is die Woord. Hebreers 4:12 leer: Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring selfs deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

Here, vul my met U Woord - maak dit 'n swaard in my mond.